Voorwoord

Feminisme het gekom en gegaan. Finansiële sekuriteit is nie meer die belangrikste oorweging wanneer 'n vrou moet besluit of sy 'n huweliksaanbod gaan aanvaar nie. Liefde, opwinding, respek, 'n sin vir humor en verdraagsaamheid is hoog op haar "inkopielys" – en natuurlik mag haar droomman iets vir die oog ook wees.

Maar bevry of nie, 'n vrou se behoefte om lief te hê en liefgehê te word is steeds met ons (en sal natuurlik altyd wees). Sedert ek vír en óór vroue skryf en hulle noukeurig bestudeer, lyk dit dikwels asof moderne vroue effens "opgeskeep" voel met hul vryheid, asof dit bydra tot hul eksistensiële angste. Veral wat mans betref: Die vereistes is hoog, maar goeie mans is skaars ...

Hierdie "angs" – en 'n vrou wat tussen talle mislukte verhoudings deur nooit haar sin vir humor en selfspot prysgee nie – is die spil waarom *Lisa* draai. Die boek sê so véél oor moderne verhoudings,

oor hoop wat nooit beskaam nie. Die *war of the sexes* woed voort, maar dit temper nie 'n effens eksentrieke meisie se verknogtheid aan mooi mansdiere met al hul nukke en giere nie.

Daar is net één manier om hierdie boek te lees: *Let your hair down and have fun!* Onse Lisa is waagmoedig, sensitief en skroom nie om te sê wat sy dink nie (al is dit soms tot haar eie nadeel). Jy gaan dol wees oor haar omdat jy haar wanhoop en begeertes verstaan. Sy gaan baie lesers se beste vriendin word; sy is 'n vriendin wat deel van jou lewe gaan bly lank nadat jy die boek gelees en dit (onvermydelik) deur 'n vriend of familielid weggedra is sodat hulle óók plesier daaruit kan kry.

Afrikaans wag al jare lank op 'n meisie soos hierdie. Dié boek is die eerste ding wat jy gaan inpak as jy om een of ander rede 'n jaar op 'n verlate eiland moet deurbring en net 'n klein tassie met besittings mag saamneem, al beteken dit dat jy jou haardroër of sonbrandroom by die huis moet los.

Jaybee Roux, 2008

2

Ek is nog nie (heeltemal) Mej. Heelal nie. Dis moeiliker as wat ek verwag het. Om lang, lenige bene te kweek vat baie lank, lyk dit my. Langer as wat ek gedink het. Ek het byvoorbeeld al 230 kilometer op die fietsie by die gim gereis. Dis halfpad van Johannesburg af Bloemfontein toe, maar ek kan steeds nie sê ek is heeltemal lenig nie. Fermer ja, maar nog effens aan die fris kant. 'n Lekker paar vleisbene om mee sop te kook is 'n goeie winterbeskrywing vir my twee trappers.

Maar moed verloor? Nie ek nie. Ek het rooi gesien. Ek het bloed geruik. Ek het wraak gesweer. Mooi sal ek word. En maer: die soort lyfie wat mans dwing om jou met hul sterk arms te wil beskerm, om vir jou biefstuk te voer, om jou te vertroetel en rond te dra. Om jou lief te hê soos wat jy 'n miniatuurmaltesie liefhet ás dit jou tipe hond is.

Ek het begin hardloop – 160 kilometer op die trapmasjien (dis Pretoria toe en terug) – en my verstom oor hoe ver 'n mens in 'n gimnasium kan hardloop sonder om 'n sentimeter vorentoe te gaan, of een boom of groen blaartjie te sien verbyflits. Jy is slegs bewus van jou sweet en jou oorlewingsdrang, en die ander lydende gesigte om jou. En natuurlik die metertjie wat jou poging monitor. Die resultaat is glad nie sleg nie. Ek is nog nie heeltemal lenig nie, maar niemand sal my weer Miss Piggy noem nie. En die mooi, donker dier wat so knaend met die gewigte oefen, het my uitgevra. Ek wou nege-uur gim toe gaan (dis die dier se oefentyd), maar het eers elfuur daar uitgekom, want my grimering het my byna twee ure doenig gehou. Dis tydrowend om grimering só aan te wend dat dit lyk of jy nou net vars en fris en natuurlik mooi opgestaan het. Jy moet kreatief te werk gaan en skelm wees om 'n "natuurlike" Mej. Heelal te skep, fyn kies wat om toe te verf en wat om oop te verf sonder dat iemand dit agterkom.

Net toe ek die glasdeur oopskuif, loop ek met my subtiele waterverfgesiggie en smaraggroen kontaklense in die gimman vas.

"Hi," sê hy. "Long time no see."

"Hi," sê ek, nie onvriendelik nie en ook nie oorvriendelik nie.

"John," sê hy en steek sy hand uit.

"Lisa," sê ek met vingerpunte vol adrenalien.

"Afrikaans?" vra hy.

"Ja," sê ek, met my hart wat doef in my keel.

"Ek ook."

Jippie, juig ek sonder om 'n geluid te maak, 'n pragtige Afrikaanse dier hier onder my neus. Ek glimlag mooitjies.

"Jy lyk soos iemand wat iets met die kreatiewe lewe te doen het. Ek wou jou lankal vra: is jy 'n aktrise?"

Ja, wil ek sê. Ek speel Mej. Heelal-in-wording.